HSAG

ENGLISH TEXT BELOW

HSAG NUUSFLITS JULIE 2026.1

ADMINISTRATIEWE KENNISGEWING: VERLENGING VAN DIE GRASIETYDPERK

Eerstens wil ons die HSAG-lede opreg bedank vir die uitstekende samewerking en die betalings wat reeds vóór die administratiewe afsnydatum ontvang is. Julle volgehoue ondersteuning maak dit vir die HSAG moontlik om die klasaksie namens sy lede voort te sit.

Soos voorheen gekommunikeer, was die administratiewe afsnydatum vir HSAG-betalings 30 Junie 2026.

Die HSAG het egter spesiale versoeke van lede, familielede en finansiële adviseurs ontvang om in ag te neem dat sommige betalings vanaf buitelandse banke gemaak word, terwyl betalings vanaf verskillende Suid-Afrikaanse banke soms eers 'n paar dae ná betaling in ons bankrekening reflekteer. Daarbenewens het sommige lede besondere persoonlike omstandighede aangevoer waarom hulle versoek dat 'n kort administratiewe grasietydperk toegestaan word.

Die HSAG het by vorige geleenthede soortgelyke situasies ervaar. Wanneer 'n groot aantal navrae en versoeke terselfdertyd ontvang word, plaas dit onnodige druk op die administratiewe proses en lei dit dikwels daartoe dat wagtye vir alle lede verleng word. Na deeglike oorweging het die HSAG tot die gevolgtrekking gekom dat 'n billike en praktiese benadering in die belang van alle lede is.

Die HSAG het daarom besluit om, uitsluitlik uit oorwegings van administratiewe billikheid, 'n grasietydperk tot en met 31 Julie 2026 toe te staan waarbinne sodanige betalings nog in die HSAG se bankrekening mag reflekteer.

Neem asseblief kennis dat hierdie grasietydperk noodwendig kan meebring dat state en administratiewe rekords eers ná afloop daarvan volledig opgedateer sal word. Lede word daarom vriendelik versoek om, waar moontlik, onnodige navrae, oproepe en skrywes rakende betalings te vermy totdat die grasietydperk verstryk het.

Hierdie besluit moet egter nie as 'n algemene verlenging van die administratiewe afsnydatum beskou word nie. Dit is 'n buitengewone administratiewe maatreël wat ingestel is om te verseker dat geen lid onbillik benadeel word as gevolg van bankverwerkingstye, internasionale betalings of ander omstandighede buite sy of haar beheer nie.

Die HSAG ondersoek intussen voortdurend praktiese maniere om sy administratiewe prosesse verder te verbeter en om, waar moontlik, alle lede billik te behandel en gelyke toegang tot die klasaksieproses te verseker.

Nogmaals baie dankie aan elke lojale HSAG-lid vir u volgehoue vertroue, ondersteuning en geduld.

Hou asseblief ons toekomstige Nuusflitse dop vir verdere belangrike verwikkelinge.

1. DIE MENSE AGTER DIE SAKE

Geagte HSAG-lid

Wanneer daar oor hofsake, likwidasies, sekwestrasies en regsprosesse gepraat word, vergeet mense soms dat daar werklike mense agter elke lêer en elke eis staan.

Oor die afgelope twaalf jaar het die HSAG duisende beleggers leer ken.

Onder hulle:

- pensioenarisse;
- weduwees;
- families;
- afgetrede onderwysers;
- voormalige sakelui;

- en gewone werkende mense

wat hul spaargeld verloor het in die hoop op 'n beter toekoms.

Onlangs het 'n finansiële adviseur die HSAG gekontak namens verskeie beleggers wat hy van 'n afgetrede kollega oorgeneem het.

Die gesprek was nie uitsonderlik nie.

Inteendeel.

Dit weerspieël die moeilike werklikheid waarmee die HSAG reeds vir meer as 'n dekade saamleef.

Baie van die mense wat destyds belê het:

- is vandag aansienlik ouer;
- leef van pensioene;
- of beskik eenvoudig nie meer oor dieselfde finansiële vermoëns as twaalf jaar gelede nie.

Sommige het:

- honderde duisende rande verloor;
- ander miljoene.

Baie van hulle het egter nooit opgehou hoop nie.

Dit is waarom die HSAG oor die jare telkens probeer het om menslik, billik en redelik op te tree.

Waar moontlik:

- is lede aangehoor;
- is betalings oor tyd gemaak;
- is begrip getoon vir werklike nood;
- en is gepoog om mense nie onnodig uit die proses te verloor nie.

Die HSAG verstaan beter as meeste:

DAT HIERDIE NIE BLOOT OOR GELD GAAN NIE.

Dit gaan oor:

- vertroue;
- waardigheid;
- aanspreeklikheid;
- en die begeerte om uiteindelik antwoorde te kry.

Die werklikheid bly egter dat langdurige litigasie vir niemand maklik is nie.

Terwyl baie beleggers swaargekry het, is enorme hulpbronne oor jare aangewend om prosesse te vertraag, te verdedig en te opponeer.

Dit is juis waarom die HSAG:

- likwidasies;
- sekwestrasies;
- en ondersoeke

as noodsaaklike stappe beskou het.

Soos die HSAG die laaste dae voor 30 Junie 2026 ingaan, wil ons veral aan ons ouer lede sê:

JULLE OPOFFERINGS EN ONDERSTEUNING OOR BAIE JARE HET NIE ONGESIENS VERBYGEGAAN NIE.

Ons verstaan die moeilike omstandighede waaronder baie van julle leef.

Ons sal voortgaan om waar moontlik billik en menslik op te tree.

Maar uiteindelik bly die grootste krag van die HSAG dieselfde as wat dit nog altyd was:

GEWONE MENSE WAT GEWEIER HET OM EENVOUDIG OP TE GEE.

Ons sterkte lê steeds in ons eenheid.

<u>HSAG NUUSFLITS JULIE 2026.2</u>

2. WAAROM OPBETAALDE STATUS BELANGRIK BLY

Geagte HSAG-lid

Baie lede vra waarom die HSAG soveel klem plaas op die belangrikheid daarvan om voor 30 Junie 2026 sover moontlik op datum te wees.

Die antwoord lê nie bloot in administrasie nie.

Dit lê in die geskiedenis van die saak self.

Die HSAG het oor die jare nog altyd probeer om lede aan boord te hou.

Waar moontlik:

- is begrip getoon;
- is lede tegemoet gekom;
- en is daar gepoog om praktiese oplossings te vind.

Daar is egter ’n belangrike onderskeid wat elke lid moet verstaan:

DIE HSAG NEEM NIE ALTYD DIE FINALE BESLUITE NIE.

Wanneer:

- howe;
- likwidateurs;
- trustees;
- of ander statutêre amptenare

later by prosesse betrokke raak, word besluite dikwels geneem op grond van regs- en prosedurele beginsels waaroor die HSAG geen beheer het nie.

Die beste voorbeeld hiervan was die klasaksie.

Toe die Hof die klasaksie gesertifiseer het:

- is opbetaalde HSAG-lede outomaties toegelaat;
- is hul jarelange ondersteuning erken;
- en is hulle vrygestel van verdere toetredingskoste.

Diegene wat nie op datum was nie:

- moes formeel opt-in;
- moes verdere vereistes nakom;
- en moes aansienlike bykomende kostes dra om deel van die proses te word.

Dit was nie die HSAG se besluit nie.

Dit was die Hof se besluit.

Die les hieruit is eenvoudig:

WANNEER NUWE REGSPROSESSE ONTSTAAN, BEVIND OPBETAALDE LEDE HULSELF DIKWELS IN DIE GUNSTIGSTE POSISIE.

Niemand weet vandag:

- wat die volgende fase van die insolvensie- en likwidasieprosesse gaan inhou nie;
- wie die relevante besluitnemers gaan wees nie;
- of watter vereistes moontlik in die toekoms gestel gaan word nie.

Wat ons wel weet, is dat die geskiedenis reeds ’n duidelike patroon gewys het.

Daarom moedig die HSAG nie lede aan om op datum te kom uit vrees nie.

Ons deel bloot die lesse wat twaalf jaar se litigasie ons geleer het.

Die veiligste roete bly:

OM, WAAR MOONTLIK, U OPVRAGINGS EN UITSTAANDE SALDO VOOR 30 JUNIE 2026 OP DATUM TE BRING.

Nie omdat die HSAG dreig nie.

Maar omdat toekomstige besluitnemers moontlik nie dieselfde diskresie of buigsaamheid sal hê as wat die HSAG oor die jare gehad het nie.

Die geskiedenis het reeds gewys dat opbetaalde lede gewoonlik die beste beskerm is wanneer belangrike regsontwikkelings plaasvind.

Ons sterkte lê steeds in ons eenheid.

3. BELANGRIK: GEBRUIK VAN DIE KORREKTE REKENINGNOMMERS EN VERWYSINGS

Rekwisisies moet deur lede in die korrekte rekeninge betaal word met die korrekte verwysingsnommer aangeheg. Die tyd, moeite en administrasie wat dit die HSAG se regspan kos om enige foutiewe betaling reg te stel, veroorsaak dat die HSAG-saak onnodig duur word.

Rekeningnommers en verwysings word op elke staat aangebring en ons versoek dat lede hul state noukeurig nagaan wanneer betalings gemaak word.

4. BELANGRIK: GEBRUIK VAN DIE KORREKTE E-POSADRESSE!

Die korrekte gebruik van e-posadresse (soos uiteengesit op ons webwerf en e-posse), asook HSAG-lede se voorletters en vanne, sindikasienommers en verwysingsnommers (bv. identiteitsnommer, ens.) vir alle kommunikasie, is noodsaaklik en verpligtend. Versuim om hieraan te voldoen, kan lei tot onnodige vertragings of selfs geen antwoord nie.

Die amptelike en huidige e-posadresse vir die HSAG is soos volg:

- **hsactiongroup@gmail.com** vir alle algemene navrae; (Byvoorbeeld – om kontakbesonderhede te verander, bewys van betalings, afsterwe van 'n lid, betalings wat verkeerdelik aan HSAG gemaak is, verkeerde verwysings, ens.);
- **hsagenquiries@gmail.com** vir spesifieke navrae; (Byvoorbeeld – versoeke vir inligting/state rakende 'n spesifieke lid, vrystellingsnavrae vir 'n spesifieke lid);

- **hsagregister@gmail.com** vir die registrasie en deregistrasie van HSAG-lede;
- **hsagwhistle@gmail.com** vir alle vertroulike inligting wat u anoniem aan ons wil stuur;
- **hsagestates@gmail.com** vir alle boedelverwante navrae.

Die amptelike en huidige e-posadresse vir CCAF (HS 21 & 22 gesertifiseerde klasaksie) is soos volg:

- **accounts@ccaf.co.za** vir bewys van betalings, verkeerde verwysings op bewys van betalings
- **admin@ccaf.co.za** vir die amptelike versoekvorm om registrasiefooie oor 6 maande te betaal, betalings wat verkeerdelik aan CCAF gemaak is
- **enquiries@ccaf.co.za** vir alle ander CCAF-vrae en navrae

Indien ’n belegger of enige persoon ’n e-pos na die verkeerde adres stuur, sal dit daartoe lei dat die e-pos nie spoedige of nodige aandag ontvang nie, indien enige. Indien u nie verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons asseblief skriftelik daarvan in kennis.

5. BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrief vervat was, word beskikbaar gestel op die HSAG se webtuiste by **www.hsaction.co.za.**

Vriendelike groete
HSAG-Bestuurskomitee
Kontak die HSAG en prokureurs by: Tel: (021) 887 7877
hsactiongroup@gmail.com

AFRIKAANS HIERBO

HSAG NEWSFLASH JULY 2026.1

ADMINISTRATIVE NOTICE: EXTENSION OF THE GRACE PERIOD

Firstly, we wish to sincerely thank our HSAG members for their excellent cooperation and for the payments received before the administrative cut-off date. Your continued support enables HSAG to continue pursuing the class action on behalf of its members.

As previously communicated, the administrative cut-off date for HSAG payments was 30 June 2026.

HSAG has, however, received special requests from members, family members and financial advisers to take into account that certain payments are made from overseas banks, while payments from different South African banks may only reflect in our bank account several days after they have been made. In addition, some members have explained exceptional personal circumstances and have requested a short administrative extension.

The HSAG has encountered similar situations on previous occasions. When a large number of enquiries and requests are received simultaneously, it places unnecessary pressure on the administrative process and inevitably results in delays affecting all members. After careful consideration, HSAG has concluded that a fair and practical approach is in the best interests of the membership as a whole.

Accordingly, and solely in the interests of administrative fairness, HSAG has decided to grant a grace period until 31 July 2026 during which such payments may still reflect in the HSAG bank account.

Please note that this grace period may necessarily result in member statements and administrative records only being fully updated after the expiry of the grace period. Members are therefore kindly requested, where possible, to refrain from making unnecessary enquiries, telephone calls or written requests regarding payments until the grace period has expired.

This decision should not be interpreted as a general extension of the administrative cut-off date. It is an exceptional administrative measure introduced to ensure that no member is unfairly prejudiced because of banking processing times, international transfers or other circumstances beyond his or her control.

HSAG continues to explore practical ways of improving its administrative processes and ensuring that, wherever reasonably possible, all members are treated fairly and enjoy equal access to the class action process.

Once again, we sincerely thank every loyal HSAG member for your continued trust, support and patience.

Please continue to follow our future Newsflashes for further important developments.

1. THE PEOPLE BEHIND THE CASES

Dear HSAG Member

When people talk about court cases, liquidations, sequestrations and legal processes, they sometimes forget that there are real people behind every file and every claim.

Over the past twelve years, the HSAG has come to know thousands of investors.

Among them are:

- pensioners;
- widows;
- families;
- retired teachers;
- former businesspeople;
- and ordinary working people

who lost their savings in the hope of a better future.

Recently, a financial adviser contacted the HSAG on behalf of several investors whose affairs he had inherited from a retired colleague.

The conversation was not unusual.

On the contrary.

It reflects the difficult reality with which the HSAG has lived for more than a decade.

Many of the people who invested back then:

- are considerably older today;
- live on pensions;
- or simply no longer have the same financial means they had twelve years ago.

Some lost:

- hundreds of thousands of rand;
- others millions.

Yet many of them never stopped hoping.

This is why the HSAG has consistently tried over the years to act humanely, fairly and reasonably.

Where possible:

- members were heard;
- payments were accommodated over time;
- genuine hardship was taken into account;
- and efforts were made not to lose people from the process unnecessarily.

The HSAG understands better than most:

THAT THIS IS NOT MERELY ABOUT MONEY.

It is about:

- trust;

- dignity;
- accountability;
- and the desire to ultimately obtain answers.

The reality remains that long-term litigation is not easy for anyone.

While many investors struggled, enormous resources were spent over the years to delay, defend and oppose proceedings.

This is precisely why the HSAG regarded:

- liquidations;
- sequestrations;
- and investigations

as essential steps.

As the HSAG enters the final days before 30 June 2026, we wish to say particularly to our older members:

YOUR SACRIFICES AND SUPPORT OVER MANY YEARS HAVE NOT GONE UNNOTICED.

We understand the difficult circumstances under which many of you live.

We will continue, where possible, to act fairly and humanely.

But ultimately, the greatest strength of the HSAG remains the same as it has always been:

ORDINARY PEOPLE WHO REFUSED SIMPLY TO GIVE UP.

Our strength still lies in our unity.

<u>HSAG NEWSFLASH JULY 2026.2</u>

2. WHY PAID-UP STATUS REMAINS IMPORTANT

Dear HSAG Member

Many members ask why the HSAG places so much emphasis on the importance of being as up to date as possible before 30 June 2026.

The answer lies not merely in administration.

It lies in the history of the matter itself.

Over the years, the HSAG has consistently tried to keep members on board.

Where possible:

- understanding was shown;
- members were accommodated;
- and practical solutions were sought.

There is, however, an important distinction that every member should understand:

THE HSAG DOES NOT ALWAYS MAKE THE FINAL DECISIONS.

When:

- courts;
- liquidators;
- trustees;
- or other statutory officials

become involved in processes, decisions are often made based on legal and procedural principles over which the HSAG has no control.

The best example of this was the class action.

When the Court certified the class action:

- paid-up HSAG members were admitted automatically;
- their years of support were recognised;
- and they were exempted from paying additional admission fees.

Those who were not up to date:

- had to formally opt in;
- had to comply with additional requirements;
- and had to incur substantial additional costs in order to participate.

This was not the HSAG's decision.

It was the Court's decision.

The lesson is simple:

WHEN NEW LEGAL PROCESSES ARISE, PAID-UP MEMBERS OFTEN FIND THEMSELVES IN THE MOST FAVOURABLE POSITION.

No one knows today:

- what the next phase of the insolvency and liquidation processes may entail;
- who the relevant decision-makers will be;
- or what requirements may be imposed in future.

What we do know is that history has already revealed a clear pattern.

For this reason, the HSAG does not encourage members to become up to date out of fear.

We simply share the lessons that twelve years of litigation have taught us.

The safest course remains:

TO BRING YOUR REQUISITIONS AND OUTSTANDING BALANCE UP TO DATE, WHERE POSSIBLE, BEFORE 30 JUNE 2026.

Not because the HSAG is making threats.

But because future decision-makers may not have the same discretion or flexibility that the HSAG has exercised over the years.

History has already shown that paid-up members are generally best protected when significant legal developments occur.

Our strength still lies in our unity.

3. IMPORTANT: USE OF CORRECT ACCOUNT NUMBERS AND REFERENCES

Requisitions must be paid by members into the correct accounts with the correct reference number attached. The time, effort and administration it costs the HSAG's legal team to correct any erroneous payment leads to the HSAG case becoming unnecessarily expensive.

Account numbers and references are affixed to each statement and we request that members please review their statements carefully when making payments.

4. IMPORTANT: USE OF THE CORRECT EMAIL ADDRESSES!

The correct use of e-mail addresses (as stipulated on our website and e-mails) as well as HSAG members initials and surnames, syndication numbers and reference numbers (e.g. identity number, etc.) for all communications are essential and obligatory. Failure to comply herewith may lead to unnecessary delays or any reply at all.

The official and existing e-mail addresses for the HSAG are as follows:

- **hsactiongroup@gmail.com** for all General Enquiries; (For Example - to change contact details, Proof of Payments, Death of a Member, Payments incorrectly made to HSAG, incorrect references etc.);
- **hsagenquiries@gmail.com** for Specific Enquiries; (For Example requesting information/statements regarding a specific member, exemption queries for a specific member);

- **hsagregister@gmail.com** for the registration and deregistration of HSAG members;
- **hsagwhistle@gmail.com** for all Confidential Information that you would like to send to us anonymously;
- **hsagestates@gmail.com** for all estate related questions.

The official and existing e-mail addresses for CCAF (HS 21 & 22 certified class action) are as follows:

- **accounts@ccaf.co.za** for proof of payments, incorrect references on proof of payments
- **admin@ccaf.co.za** for the official request to pay registration fees over 6 months form, payments incorrectly made to CCAF
- **enquiries@ccaf.co.za** for all other CCAF questions and enquires

If an investor or any person sends an email to the wrong address, it will result in the email not receiving the speedy or necessary attention, if any. If you do not wish to receive any further emails, please inform us thereof in writing.

5. GENERAL TERMS AND CONDITIONS

The general and recurring terms, conditions, and other general information previously included in the Newsletter are available on the HSAG website at **www.hsaction.co.za**.

Kind regards

HSAG Steering Committee

Contact the HSAG's attorneys at:

Tel: (021) 887 7877 hsactiongroup@gmail.com